Atlete vir Christus Uitreik 2021

Atlete vir Christus is ‘n groep van 23 studente verbonde aan die Kruiskerk studentgemeente op Stellenbosch wat al sedert 1975 jaarliks draf, sing en getuig vir Christus. Hulle hooffokus is om fondse in te samel vir die evangeliesasiewerk wat Bybelmedia in Suid-Afrikaanse gevangenisse doen. Die span bestaan vanjaar uit 9 atlete, ‘n sanggroep van 9 lede, 3 persoonlike werkers en 2 toerpas. Elke lid vervul ‘n unieke daaglikse taak op ‘n tipiese toerdag, waartydens die atlete die afstand tussen die betrokke dorpe op ‘n aflosbasis aflê en die sangspan saans optree. Daar word ook daagliks Bybelstudie gedoen, wat gelei word deur die toerpa, ouetehuise en gevangenisse word ook besoek. Saans is daar ‘n bedienings geleentheid by die gasheergemeente waar die sangsspan optree, die toerpa ‘n boodskap bring en atlete getuienis lewer.

Vanjaar se uitreik vind plaas van 26 Julie-7 Augustus vanaf Clainwilliam tot Koffiebaai, ‘n afstand van 1 770 km. Twee van ons gemeente studente Schalk Joubert en Nico Olivier gaan vir die 3 de keer op die Uitreik. Ds Wouter Olivier sal vir ‘n gedeelte van die uitreik as toer-pa optree.

Indien u hierdie groep vanjaar op hul uitreik wil ondersteun kan u dit op die volgende maniere doen. U deurlopende voorbidding vir die uitreik sal baie waardeer word. Bydraes kan gemaak word aan:

- NG Kerk Stellenbosch
- Nedbank – Business Winelands
- Rek: 1498043232
- Takkode: 149821
- Verwysing: Borg AVC

Roete van 2021 Atlete vir Christus toer



Dag	Vertrek dorp	Oornag dorp	Afstand (km)
Maandag, 26 Julie	Clanwilliam	Loeriesfontein	198
Dinsdag, 27 Julie	Loeriesfontein	Brandvlei	121
Woensdag, 28 Julie	Brandvlei	Kenhardt	143
Donderdag, 29 Julie	Kenhardt	Prieska	221
Vrydag, 30 Julie	Prieska	Douglas	129
Saterdag, 31 Julie	Douglas	Kimberley	107
Maandag, 2 Augustus	Kimberley	Bloemfontein	178
Dinsdag, 3 Augustus	Bloemfontein	Zastron	181
Woensdag, 4 Augustus	Zastron	Lady Grey	97
Donderdag, 5 Augustus	Lady Grey	Elliot	166
Vrydag, 6 Augustus	Elliot	Mthatha	140
Saterdag, 7 Augustus	Mthatha	Koffiebaai	89
			Totaal: 1770

Die span van La Rochelle wat vanjaar La Rochelle gemeente verteenwoordig op die Uitreik! Ds Wouter Olivier, Schalk Joubert en Nico Olivier.

ATLETE VIR CHRISTUS
Atlete vir Christus 2021